# SKOLEBEDIENING: Babas in Christus

**Doel van les:**

Wanneer 'n baba gebore word is mense mos baie bly en gelukkig, want dis die begin van 'n nuwe lewetjie, 'n nuwe begin. Jesus het aan Nikodemus in Johannes 3 verlossing beskryf as wedergeboorte. Beide fisies en geestelik begin ons as babas, maar ons bly nie babas nie – ons moet groei.

**Praise and worship**

**Lawwe ysbreker:** Verdeel in groepe – Ons gaan 'Scattegories' speel. Ek wys die letter "A" en die 5 kategorieë: Honde name, meisie name, name uit die Bybel, vrugte en dorp name. Die groepe kry 5 min om te kyk aan hoeveel goed hulle kan dink wat met die letter "A" begin in die verskillende kategorieë

Die volgende speletjies gaan met die les te doen hê en die kinders moet nou in groepe opgedeel word.

**Ysbreker:**

- **Baba kos 'musical lepel':** kook 'n klomp groente op wat soos babakos lyk. Sit die kos op die verhoog en gee vir elkeen 'babakos' 'n nommer. Laat die kinders in 'n kring staan, terwyl die musiek speel gee hulle 'n plastiek lepel vir mekaar aan. Wanneer die musiek ophou speel moet die persoon wat die lepel vashou 'n nommer uit 'n sakkie trek en daai 'Babakos' gaan proe.
- **Baba teken**: Gee vir elke kind 'n blaai en potlood. Hulle moet die blaai op hul kop sit en 'n babatjie teken. Die skets wat die meeste na 'n baba lyk, wen.
- **Fopspeen aangee**: Gee vir elke kind in die groep 'n strooitjie. Gee ook 'n fopspeen. Hulle moet in 'n ry staan en die strooitjie in hulle monde sit. Dan moet hulle die fopspeen aangee vir mekaar deur net die strooitjie te gebruik. Die groep wat eerste klaar is, wen.

**Les inhoud**:

Nuwe Christene en babas het baie in gemeen. Babas moet aan die begin gevoer word, maar binne 'n kort rukkie begin hulle pogings aan te wend om hulself te voer. Tog is die ouer baie versigtig met wat 'n baba eet. As julle al ooit 'n baba dopgehou het, sal julle weet dat 'n baba omtrent enige iets in hul mond sal druk. Ouers sal bv nie toelaat dat hul babas op gemorskos leef of iets wat skadelik vir hulle is nie. As Christene, veral nuwe Christene, moet ons leer om onsself te voed met God se woord en dinge wat skadelik vir ons is te vermy.

- Wat is van die gewoontes of aksies wat ons in babas en kleuters sien, wat nie aanvaarbaar sal wees in grootmense nie?
- Wat is van die tekens van volwassenheid wat ons sien in kinders soos hulle groot word?

Net so moet ons as christene ook groei, daar is 'n tyd wat sekere goed vir nuwe chritene 'ok' is, maar nie meer vir ouer christene nie – soos 'n mens nie wil hê jou baba moet vir altyd kruip nie, so kan ons as christene ook nie vir altyd 'kruip' en klein bly nie, ons kan nie vir altyd babas in Christus bly nie.

**Sluit af met gebed.**